Weekbrief 02/2020

23 Januarie 2020

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za
Posbus 22, PORTERVILLE, 6810

1870 150 2020

Ons herinner u graag aan ons Interhuis atletiek wat vandag, 23 Januarie en Vrydag, 24 Januarie plaasvind.

Let asseblief op die volgende reëlings:

Donderdag, 23 Januarie 2020

14:15 Beamptes meld aan by organiseerder.
14:30 Byeenkoms begin.
20:00 Laaste item

Vrydag, 24 Januarie 2020

06:45 Atlete kom by kerksaal bymekaar vir optog.
07:30 Beamptes meld aan by organiseerder.
08:00 Byeenkoms begin.
15:00 Laaste aflos

Toegang:	**Volwassenes :**	**Donderdag**	**- R 5.00**
		Vrydag	**R10.00**
	Kinders wat nie leerders van die skool is nie		**- R 5.00**
	Programme		**- R 10.00**
	Beamptes en ouers wat in die kafee werk:		**- Gratis**

Voorgeskrewe Kleredrag tydens atletiekbyeenkoms:

By die Interhuis atletiek mag die voorgeskrewe maroen (McLean), navy (Pienaar) en ougoud (Bastiaanse) T-hemde met skoolwapen gedra word.

Geen frokkie mag bo-oor 'n hemp gedra word nie.

Seuns mag deelneem in skool Huis T-Hemp, atletiekfrokkie of wit skool gholfhempie en skool donkerblou kortbroek.

Dogters mag deelneem in skool Huis T-Hemp, atletiekfrokkie of skool netbalhempie en skool donkerblou kortbroek.

Voete: Net tekkies of kaalvoete.

Gr. 1-3 neem deel in hulle nuwe skooldrag.

SKOOLFONDS

Die totale skoolfonds per leerder per jaar is R13 500. Die skoolfonds kan as volg betaal word:

Opsie 1 (10 maande)
R1350 x10 maande van Januarie tot Oktober

Opsie 2 (11 maande)
R1500 (Januarie)
R1200 x 10 mnde (Februarie tot November)

Indien u omstandighede van so 'n aard is dat u nie volgens die verskillende opsies kan betaal nie, moet u ons asseblief skriftelik in kennis stel, gerig aan die Skoolhoof en ons sal dan met u in gesprek tree.

Die Beheerliggaam wil 'n ernstige beroep op u doen om sover moontlik die skoolfonds per aftrekorder te betaal. Aftrekorders moet direk by die bank gereël word en die eerste betaling moet gedurende Januarie plaasvind. Ons herinner ook dié ouers wat reeds van aftrekorders gebruik maak, om dit asseblief by die bank te verander, sodat dit vanaf Januarie verhoog word. Die skool se bankbesonderhede vir aftrekorders is soos volg:

Bank	:	Absa, Porterville
Takkode	:	334407
Rekeningnommer	:	2100390046
Rekeningnaam	:	Hoërskool Porterville
Tipe Rekening	:	Tjekrekening

Indien u van Internetbetaling gebruik maak, moet u asseblief u kind se naam en van op die inbetalingstrokie meld. Faks alle inbetalingstrokies aan: **Mev. Kriel by 022 931 3321 of e-pos na admin@porterhs.co.za.**

LOSIESGELD VIR HUIS VAN RIEBEECK 2020

Die totale losiesgeld per leerder per jaar is R19 200. Die losiesgeld kan as volg betaal word:

Opsie 1 (per kwartaal)
R4800 per kwartaal

Opsie 2 (10 maande)
R1920 x10 maande van Januarie tot Oktober

Bank	:	Absa, Porterville
Takkode	:	334407
Rekeningnommer	:	2100142913
Rekeningnaam	:	Huis van Riebeeck
Tipe Rekening	:	Tjekrekening

Indien u van Internetbetaling gebruik maak, moet u asseblief u kind se naam en van op die inbetalingstrokie meld. Faks alle inbetalingstrokies aan: **Mev. Kriel by 022 931 3321 of e-pos na admin@porterhs.co.za.**